# DIE HANTERING EN BESTUUR VAN DIE REGSHULPFONDS

**BYLAAG 8**

1. Agri NW bedryf en bestuur ’n Regshulpfonds ter ondersteuning van die doelstellings van Agri NW en Agri SA in ooreenstemming met Punt 4, Doelstellings, Artikel 3.1.7, asook Punt 4, Magte, soos vervat in die Grondwet van Agri NW.

2. Agri NW onderhou ‘n toegewyde en toepaslike Regshulpfondsrekening wat geskik is vir hierdie doeleindes om optimale rente te verdien op die beleggingskapitaal.

3. Die rente word maandeliks verdien op hierdie Rekening.

4. Daar word onderskei tussen die afsonderlike Regshulpfondsbydraes, naamlik:

   - Agri NW Algemene Regshulpfonds;
   - Agri NW Eskom en Padinfrastruktuur Regshulpfonds; en
   - Agri SA Grond- & Omgewingsfonds.

5. Bydraes tot hierdie bogenoemde Fondse word in een afsonderlike Regshulpfonds-Bank-rekening inbetaal en afsonderlik gespesifiseer in die Grootboekrekenings van Agri NW. Daar is dus ’n duidelike onderskeid tussen die aanwendbare saldo’s van die onderskeie Regshulpfondse toegewys vir spesifieke doeleindes soos deur die Algemene Raad bepaal.

6. Die Regshulpfonds is ’n gereserveerde toegewyde Fonds wat slegs vir Regsaksies aangewend mag word. Die Algemene Raad het uitsluitlike besluitnemingsbevoegdheid oor hoe hierdie Fondse aangewend en uitbetaal moet word.

7. Die Regshulpfonds kan op verskeie wyses befonds word deur vrywillige of verpligte bydraes van lede of deur skenkings van enige ander instansie.